10 DESEMBER 2025

# Randjienuus

## VOORSPOED, MATRIEKKLAS VAN 2025!





Vier die Einde van 'n reis...
en die begin van 'n nuwe Een!

Ons Matrieks het hul rooi matriekhemde ontvang – 'n spesiale tradisie wat die begin van die eindeksamen simboliseer.





Op 14 Oktober was dit ons matrieks se laaste saalopening — en wát 'n spesiale oomblik! 'n Ware hoendervleisoomblik toe almal besef dit is hulle laaste Bloumasjien in die saal. Ons matrieks het ook hul laaste saalopening voor die prysuitdeling gehad — 'n spesiale oomblik waar hulle teruggekyk het na die vyfjaar-storie wat hulle saam by Hoërskool Randburg geskryf het.









Ons matrieks het hul skoolloopbaan afgesluit met die tradisionele klokseremonie — 'n besondere oomblik wat die einde van hul vyfjaar-storie by Hoërskool Randburg simboliseer. Dankie, Matrieks van 2025, vir die nalatenskap wat julle hier by Randburg agterlaat.








# MATRIEKPRYSUITDELING 2025

Op 17 Oktober het die **matriekprysuitdeling** plaasgevind, 'n uitsonderlike oggend van trots en dankbaarheid. Baie dankie aan elkeen van ons matrieks vir julle bydrae tot die sukses van Hoërskool Randburg. Dankie vir julle deelname, harde werk en deursettingsvermoë oor die afgelope vyf jaar. Julle het 'n blywende merk by die Bloumasjien gelaat!

## DIE TROFEEWENNERS VIR GRAAD 12 WAS:



- **Beste Vakprestasie (Ontwerp):** Anja Greyling
- **Beste Vakprestasie (Besigheidstudies):** Zander van Tonder
- **Beste Vakprestasie (Geografie):** Ruben Naudé
- **Beste Vakprestasie (Gasvryheidstudies):** Carla Tagg
- **Beste Vakprestasie (Ingenieursgrafika en -Ontwerp):** Chad Tintinger
- **Beste Vakprestasie (Toerisme):** Nicola du Plessis
- **Beste Vakprestasie (Afrikaans Huistaal):** Rico Vosloo
- **Beste Vakprestasie (Lewensoriëntering):** Kyra-Shaye Ehmke
- **Beste Vakprestasie (Rekenaartoepassingstegnologie):** Adriaan Naudé
- **Beste Vakprestasie (Wiskunde Geletterdheid):** Azura du Plessis
- **Beste Vakprestasie (Engels Eerste Addisionele Taal):** JG Luus
- **Beste Vakprestasie (Drama):** Nicola van Tonder
- **Beste Vakprestasies (Lewenswetenskappe en Rekeningkunde):** Mikka Spies
- **Beste Vakprestasies (Ekonomie en Fisiese Wetenskappe):** Dihan Hoogendoorn
- **Beste Vakprestasies (Engels Huistaal en Geskiedenis):** Ethan Bester
- **Beste Vakprestasies (*Admaths*, Inligtingstegnologie en Wiskunde):** Robert van der Spoel
- **Top Ambassadeur:** Ethan Bester
- **Klankman van die jaar:** Ruan Cilliers
- **Skrywer van die jaar:** Ethan Bester
- **Beste senior danser:** Arnel Swart
- **Beste Eisteddfod prestasie:** Arnel Swart
- **Toneelspeler van die jaar:** Nicole de Klerk
- ***Senior Orator* en Redenaars:** Ethan Bester
- **Beste dogters bergfietsryer:** Natasha Swart
- **Senior Skaakspeler van die jaar:** Klarissa Pretorius
- **Dogters krieketspeler van die jaar:** Else Badenhorst
- **Senior Landloop dogter:** Else Badenhorst
- **Senior Netbalspeelster:** Lindsey Liebenberg
- **Senior Kultuurseun:** Ethan Bester
- **Senior sportdogter van die jaar:** Else Badenhorst
- **Matrikulant van die jaar:** Ethan Bester
- ***Dux*-leerders van die jaar:** Gustav Jones, Ruben Naudé en Robert van der Spoel

## ERESKILD

- **Tienertoneel** – Ethan Bester, Nicole de Klerk, Meagan Bridger, Sibella Naudé, Ingrid Bekker en Wian Gouws

## BAIE GELUK AAN ELKE MATRIKULANT WAT HIERDIE JAAR UITMUNTEND PRESTEER HET, ONS IS BAIE TROTS!





# TROFEEWENNERS 2025


















































# MATRIEKAFSKEID 2025

By die *Prison Break Market* het ons matrieks op 4 Oktober hul groot aand in styl gevier, die tema was 'n maskerbal. Hulle het ongelooflik mooi gelyk. Die afgelope vyf jaar by Hoërskool Randburg was 'n reis vol groei, uitdagings en onvergeetlike herinneringe. Van graad agt se eerste treë tot die blink toekoms wat nou voorlê – julle het 'n merkwaardige pad gestap.
























MX 2025
GERRIE MX'25
LIGHT UP THE NIGHT

# Wat 'n ongelooflike geskiedkundige oomblik vir Hoërskool Randburg!


Op 21 November het ons die opening van ons splinternuwe hokkie-astrobaan gevier — 'n mylpaal wat vir altyd deel van ons Randjie-erfenis sal wees. Die veld was 'n oplewing van opgewondenheid, sportgees en pret toe ons ouers en leerders mekaar die stryd aangesê het en die atmosfeer het net verder gekook toe die *Old Boys* en *Old Girls* teen ons Eerste spanne uitgedraf het! Die kompetisie was intens, die gees ongelooflik en die Randjie-trots onmiskenbaar. Randburg Hokkie het 'n tuiste en dit is net die begin.



# AKADEMIE

## ADMATHS

Baie geluk aan **Stefan van der Walt, Reuben Pelzer en Matthew Butcher** met hul uitstekende *AdMaths*-uitslae. Stefan van der Walt en Reuben Pelzer het **100%** behaal, terwyl Matthew Butcher 98% behaal het. Ons is uiters trots op hierdie drie graad 8-leerders wat met hul harde werk en toewyding as van die top *AdMaths*-studente uitblink. Julle verteenwoordig Hoërskool Randburg met trots en stel 'n voorbeeld vir ander leerders.



Baie geluk aan ons GR 8 presteerders!!

ADMATHS GR.8 TOP 10 TERM 3 2025
ADMATHS GR.8 TOP 10 KWARTAAL 3 2025

| Position Posisie | Name and Surname Naam en Van | School Skool | % |
|---|---|---|---|
| 1 | Stefan van der Walt | Randburg H/S | 100 |
| 1 | Ean Douries | Curro Durbanville H/S | 100 |
| 1 | Linieke Meintjes | Vryburg H/S | 100 |
| 1 | Isabella Du Toit | Bloemhof HMS | 100 |
| 1 | Reuben Pelzer | Randburg H/S | 100 |
| 2 | Connan Wentzel | Paarl Gimnasium | 98 |
| 2 | Lisa Glatz | Swellendam H/S | 98 |
| 2 | Djesse Brandsma | Curro Hermanus High School | 98 |
| 2 | Peyton Finlay | Rhenish Girls' H/S | 98 |
| 2 | Leander Willemse | CambriLearn Online School | 98 |
| 2 | Arin Coetzer | Pearson H/S | 98 |
| 2 | Priya Booys | Piketberg H/S | 98 |
| 2 | Mia Botha | Bellville H/S | 98 |
| 2 | Cody Julyan | Victoria Park H/S | 98 |
| 2 | Tume Hanekom | Rustenburg H/S | 98 |
| 2 | Matthew Butcher | Randburg H/S | 98 |










## SKRYFKUNS

**Ingrid Bekker, Ethan Bester (gr. 12)** en **Keira Bester (gr. 10)** het op 15 November die glansryke gala-aand en bloemlesing van *Ink – Skryf in Afrikaans* bygewoon.

- Ingrid Bekker se gedigte, "Die kraan wat nooit ophou lek nie", "Ware Koue" en "Die Punt", is gepubliseer en sy is as 'n **boekpryswenner** aangewys.
- Ethan Bester het 'n **derde plek** in die Jeug-gedigte-afdeling behaal.

**Al drie leerders se gedigte is in die *Inkspraak 6*-bundel opgeneem.**

**Baie geluk aan julle – ons is ongelooflik trots!**









# KULTUUR

## DANS

**Amelia Kruger (gr. 9)** ontvang haar **Proteakleure** in junior dans. Die *South African Body of Dance* en die *Federation of Dance Sport of South Africa* gee jaarliks hierdie toekenning aan uitmuntende jong dansers wat toewyding en harde werk toon. Amelia verteenwoordig Suid-Afrika later hierdie jaar by die IDO *World Jazz, Ballet, Modern and Contemporary Championships* wat in België gehou word.  **Sterkte, Amelia!** Ons is so trots op hierdie fantastiese prestasie en kan nie wag om van jou sukses in België te hoor nie.








## KITAAR

Baie geluk aan **oud-Randjie, Henro Steyn,** ons kitaaronderwyser, wat met sy musiekgroep, ***Sonder Onderbroeke***, 'n Aitsa-toekenning vir ***Nuweling van die jaar*** gewen het. Ons is trots op jou!






# KOORKAMP

Ons koor het van 1 tot 3 Desember ons jaarlikse **koorkamp** onder leiding van Renette Bouwer by die Hartbeesfontein Voortrekkerplaas in die Dinokeng natuurreservaat gehad. Dit was 'n wonderlike kamp waar ons baie geleer het. Sam, Hanno en Hanco van *Tuks Camerata* het saam met ons gekamp. Dit het 'n wonderlike fondasie vir ons 2026 koorjaar geskep. Ons is baie opgewonde oor 2026! **Randjies kán sing!**



# SPORT

## SWEM

Baie geluk aan **Carli Coetsee (gr. 9)** met haar uitstekende prestasie by die *CGA L2 & Summer Gala 2* wat op 25 Oktober by Waterstone College plaasgevind het.

- 50 m Borsslag – **Eerste**
- 100 m Borsslag – **Tweede**
- 200 m Rugslag – **Derde**
- 50 m Vlinderslag – **Vierde**


**Ons is ongelooflik trots op jou, Carli – hou aan hard werk en skitter in die water!**






Ons swemmers het uitstekend by die *CGA Summer Gala #3* presteer wat op 8 November by St Mary's plaasgevind het.

- **Thomas Pretorius (gr. 10)** het **drie eerste plekke** in die 100m rugslag, 200m borsslag en 100m kruipslag in die seuns 16-afdeling behaal.
- **Larissa Bouwer (gr. 9)** het 'n **tweede plek** in die 100m rugslag, 'n **eerste plek** in die 200m borsslag en 'n **vyfde plek** in die 100m vryslag vir o. 15-dogters verower.
- **Megan Kleynhans (gr. 9)** het **derde** in die 200m vryslag vir o. 15-dogters geëindig.
- **Nardus Breedt (gr. 8)** het 'n **eerste plek** in die 100m vlinderslag behaal en **derde plek** in die 100m rugslag vir o. 14-seuns. Baie geluk, julle maak ons trots!



# KRIEKET

Ons o/15A-krieketspan het die stryd teen Queens College aangedurf. Na 'n harde wedstryd het die tuisspan die oorwinning behaal. Ten spyte van die uitslag sien ons uitstekende groei in ons seuns se krieketontwikkeling. **Chris Coetsee (gr. 9)** het met 'n uitsonderlike boulpoging beïndruk en vier paaltjies vir 31 lopies in vier beurte platgetrek. Ons Eerste krieketspan het ook kragte met Queens College gemeet en moes ongelukkig die knie buig. Ons jong Eerste span toon egter ongelooflike vooruitgang en karakter. **Kyle Cameron (gr. 10)** blink uit met sy boulwerk en neem vier paaltjies vir 22 lopies in vier beurte. Met die kolf wys **Liam Peek (gr. 10)** sy staal deur 51 lopies van 48 balle aan te teken, terwyl **Joshua Swart (gr. 9)** met 42 lopies van 25 balle 'n sterk ondersteuningsrol vertolk. Baie geluk aan al ons spelers! Daar is groot trots in die individuele prestasies en ons sien uit na die groei wat nog voorlê.















Daar is uitstekende individuele uitslae vir die krieketwedstryde teen St Stithians, Queens College en Dobsonville Hubs:

- **Andrew Holmes** teken 37 lopies aan teen St Stithians.
- **Keano Gerber** boul skitterend teen Queens College en staan slegs tien lopies in vier beurte met een paaltjie af. Hy boul ook 'n uitstekende spel teen Dobsonville Hubs om vier paaltjies vir slegs nege lopies in sy 5.2 beurte te neem.
- **Jacey van Tonder** teken 50 lopies nie uit nie aan van 24 balle.
- **Aidan Hough** teken 80 lopies aan van 44 balle.


# NETBAL


Ons **Eerste span-oefengroep vir 2026 en die o/16-oefengroep vir 2026** het op Saterdag, 25 Oktober aan die *Triumph* Toernooi deelgeneem –deur Cornwall Hill College aangebied. Die toernooi is ter herdenking van **Borskankerbewustheidsmaand** gehou en dien as waardevolle voorbereiding vir die 2026-netbalseisoen – 'n uitstekende begin vir die nuwe seisoen wat voorlê!

## Eerste span-oefengroepuitslae:

Verloor teen Dinamika 12–22
**Wen** teen Waterstone College 36–5
Verloor teen Rustenburg 23–27
**Wen** teen Cornwall Hill College 23–17
**Wen** teen Midstream 24–9
**Wen** teen Oosterlig 18–8

**Hulle het algeheel vyfde geëindig.**










## O.16-oefengroepuitslae:

**Wen** teen Jeugland 46–6
Verloor teen Dinamika 1 23–27
**Wen** teen Oosterlig 44–3 **Wen** teen E.G. Jansen 38–7
**Wen** teen Midstream 29–19
**Wen** teen Cornwall Hill College 31–15
Semi-finaal: **Wen** teen Dinamika 2 24–17
Finaal: Verloor teen Dinamika 1 29–31

**Hulle het algeheel tweede geëindig.**



**Baie geluk aan Imcke Nel wat as aanvallende speler van die toernooi aangewys is.**










# FIETSRY

Randjies wys staal by die *94.7 Ride Joburg!* Fietsryers het 'n ongelooflike suksesvolle jaar agter die rug. Hulle neem buite skoolvlak ook aan ander fietsry *disciplines* deel waar hulle die Bloumasjien se naam hoog dra. Kom reën, wind of eksamen, hulle is op die fiets.

Tydens die ***94.7 Ride Joburg*** op 26 Oktober, het drie van ons seuns onder die top 100 ryers van die dag geëindig, wat 'n merkwaardige prestasie is.

Reuben Christensen (gr. 12)
Algeheel 39ste vir die dag
Tyd: 2:16:58

Reinhardt Strydom (gr. 10)
Algeheel 54ste vir die dag
Tyd: 2:21:16








Erik Breedt (gr. 11)
Algeheel 63ste vir die dag
Tyd: 2:24:42

Vir **Ewald Eloff, Tyler Breed en Llewellyn Hoar** was dit hul **eerste** *94.7*, en hulle het die top 100-tyd van 2:40:00 met slegs 'n paar minute gemis – **'n puik poging!**






Ewald Eloff (gr. 10)
Tyd: 2:44:46

Tyler Breed (gr. 11)
Tyd: 2:44:49




Llewellyn Hoar (gr. 10)
Tyd: 2:45:27

Op 1 en 2 November het ons fietsryers ook aan die Gauteng Skole *Crit en SA Junior Crit* Kampioenskap by Steyn City deelgeneem. Dit was 'n ongelooflike warm dag, maar ons fietsryers het, soos hulle in die fietsrygemeenskap sê, "grit" gewys en op beide dae met 'n hele paar podiumplekke weggestap. **Reuben Christensen en Reinhardt Strydom** het hul Gautengkleure in die fietsrydissipline ontvang.

**Gauteng Skole *Crit* (1 November 2025)** - Die Randjies het skoonskip gemaak deur die podium in die junior-kategorie vol te staan:

- Eerste – **Reuben Christensen (gr. 12)**
- Tweede – **Reinhardt Strydom (gr. 10)**
- Derde – **Gustav Röller (Oud-Randjie)**




**Llewellyn Hoar** was onder die top 10 in die *Youth Boys*-kategorie.



***SA Junior Crit* (2 November 2025)**

Op dag twee het ons ryers aan die *SA Junior Crit* deelgeneem en weer podiumplekke behaal.

Eerste - **Gustav Röller (oud-Randjie)**
Derde - **Reuben Christensen**
**Tyler Breed en Erik Breedt** was onder die top 10 ryers.





Tyler Breed en Erik Breedt

**Randjies is ongelooflik trots op julle!**

# FUN BIKE

Daar is natuurlik ook pret so tussen al die ernstige fietsry deur.  Ons het Fontainebleau en Unika Laerskole genooi om op 21 November saam met ons 'n *Fun Bike* saam by Delta Park te kom geniet.  Ongelukkig het die weer nie saamgespeel nie en, as gevolg van die weerlig in die area, moes ons die fietsry parkeer.  Ons het sommer die energie met 'n oorwinnaarsroomys by *Pauls* roomys geniet.




BESTE LEERDERS EN OUERS BAIE DANKIE VIR JULLE HARDE WERK EN ONDERSTEUNING HIERDIE JAAR. ONS WENS ELKEEN VAN JULLE 'N HEERLIKE, VEILIGE VAKANSIE TOE.

MAG DIE KERSSEISOEN JULLE HUISE VUL MET VREDE, LIEFDE EN VREUGDE. 'N GESEËNDE KERSFEES EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR!

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**





#YOUCANDOSCIENCE

**Aanlyn Fisiese Wetenskap lesse**

- Grade 9 tot 12
- CAPS vir NSC en IEB eksamens
- Dek volledige kurrikulum
- Video lesse
- Notas
- Toetse met volledige antwoorde
- Eksamen vrae met memo wat antwoorde verduidelik
- Onbeperkte toegang tot al die lesse van al die grade
- Vorderingsverslae van leerders
- Wetenskap woordeboek

**NUUT: Graad 9 Natuurwetenskap (Chemie en Fisika komponente)**

**Volledig in Afrikaans en Engels**

Vir gratis demo lesse, pryse en meer inligting:

www.youcandoscience.co.za

Ontwikkel deur ervare wetenskap onderwysers.

JOZI COUNSELLING

GEREGISTREEDE TRAUMA BERADER

**KARIN PAMPEL**
BComm (Bedryfsielkunde) (UJ)
BA Hons (Sielkunde) (UNISA)
BPsych
**Praktyknommer: 0414581**
**HPCSA REG: PRC0012700**

**BERADING**

Volwassenes, Tieners en kinders, Angs en ligte depressie, Rouberading, Afknouery, Emosionele ondersteuning, Gesinskonflik, Ouerskapvaardighede, Verhoudingsprobleme, Streshantering, Traumaberading, Pastorale / Christelike berading



Mediese fonds tariewe geld
Berading in Engels en Afrikaans
Aanlyn of persoonlik

010 001 9997 / 082 565 2704 | karin@jozicounselling.co.za | E-MEDCENTRE 18 Aimee St, Ruiterhof, Randburg










coolideas
YOUR FIBRE GUY







## GEVRA
## TUINWOONSTEL TE HUUR

- Parkering vir 1 voertuig
- Enkellopende Jongman (studeer tans en is ook besig met 'n "Internskap" wat hy meestal aanlyn hanteer.)
- Intrek datum - vanaf einde Desember
- +- R5000 water en elektrisiteit ingesluit. Is bereid om eie fibre lyn te installeer, vir studies en werk.
- Verkieslik Ronbindale en Linden omgewing. Maar areas daarrondom kan ook werk.

Skakel - Anita Hurn 083 297 5471





# Kunsklasse 2026 Inskrywings

SLUIT AAN BY ONS KREATIEWE KUNSKLASSE!

Kinders (6+), Tieners & Volwassenes

🎨 Alle Mediums:
Olieverf · Akrielverf · Potlood · Houtskool · Waterverf en meer

📍 8 Cycadstraat, Randpark Ridge

By Ilze Kruger

www.byilzekruger.com

# RC's Sound Wave

**Let's get amplified**

## SOUND AND LIGHTING

- Parties
- Dances
- Formal functions
- Small events

Contact Ruan Cilliers

✆ 063 733 3358

✉ rcsoundwave@gmail.com


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics
verdien kinders om hulle
volle potensiaal te bereik.
En 'siblings' geniet nou 20% afslag!
Kontak ons gerus:
Karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917


Discover
The Sweetness of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street, Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms

# DESEMBER 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** |
| **Koorkamp**<br>Koor Gr 10 & 11 Klere passing<br>Handboek uitreiking<br>Gr 7 Krieketoefening 11:00-13:00 | **Koorkamp**<br>Handboek uitreiking | **Koorkamp**<br>Tennis: Dogterskampioenskappe (t)<br>Handboek uitreiking | Tennis: Seunskampioenskappe (t)<br>Handboek uitreiking | Tennis: Seunskampioenskappe (t)<br>Handboek uitreiking | | |
| **8** | **9** | **10** | **11** | **12** | **13** | **14** |
| | | **Skool sluit vir leerders**<br>**Rapporte uit** | | **Skool sluit vir personeel** | | |
| **15** | **16** | **17** | **18** | **19** | **20** | **21** |
| | **Geloftedag**<br>Voortrekkers vier geloftedag in die atrium | | | | | |
| **22** | **23** | **24** | **25** | **26** | **27** | **28** |
| | | | **Kersdag** | **Welwillendheidsdag** | | |
| **29** | **30** | **31** | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | | | | | | |